NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

27 Februarie 2024

VAN: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

AAN: Gemeentes
Kerkrade
Predikante

**OMSENDSKRYWE NR 8/2024**

Broers en susters

**DONASIES VIR ONS JAARLIKSE DPS-GESINSKAMP**
**TEMA: *WEES JOU EIE SUPER HERO***

Dit is weer tyd vir die jaarlikse DPS-gesinskamp gedurende Maart en ons is reeds volstoom aan die beplan om die jaar se kamp weer eens ’n sukses te maak. Hierdie jaar is ’n baie spesiale jaar vir ons, omrede kinderversorging binne die Hervormde Kerk *100 jaar oud* is! Hoe spesiaal is dit nie om die jaar se verrigtinge met ’n gesinskamp af te skop vir ons DPS-pleeggesinne. Ons beplan ’n kamp propvol pret, speel en natuurlik interaktiewe groepsessies met ons kinders en ouers. Die kamp vind plaas van 21 tot 24 Maart 2024 te Venterskroon. Ons beoog om 30 pleegkinders asook tien pleegouers uit te nooi en agt studente te betrek by die toesig oor en aanbieding van aktiwiteite. Hierdie jaar kom drie van ons vorige pleegkinders weer saam kamp as studente om ’n bietjie hul ervaring van die lewe na pleegsorg met die kinders te kom deel en as mentors vir hulle op te tree.

**Tema vir die jaar**

Ons tema vir die jaar is *Wees jou eie super hero*. Ons kinders word gebombardeer op sosiale media oor hoe die perfekte tiener moet lyk, wat hulle moet aantrek, watter tipe selfone hulle moet hê, en so kan ons aangaan. Of ons as volwassenes daarvan hou of nie, die sogenaamde *influencers* op TikTok speel ’n baie groot rol in ons jeug se lewens. Sommige daarvan positief, maar ongelukkig ook baie meer negatief. Ons kinders meet hulself aan die sogenaamde rolmodelle en vind dan dat hulle ver tekortskiet op vele gebiede. Vir kinders wat reeds soveel seer moes deurgaan in hul kort lewens, is hierdie vir hulle ’n bevestiging dat hulle nie goed genoeg is nie, hulle is nie *cool* nie, en dit is dan dat dinge lelik begin skeefloop. Hulle gryp na enige strooihalm om hulle beter te laat voel, of dit *vaping* is, dagga of selfs selfbeserende gedrag. In 2024 wil ons ons kinders leer hulle is goed genoeg. Ons beoog om tydens die kamp vir hulle vaardighede te leer om hul eie identiteit te help vorm en te besef hulle is goed genoeg net soos hulle is.

**Hoe kan ek help?**

Ons kamp van 2023 se uitgawes het ongeveer R70 000 beloop. Dit sluit vervoer, etes, verversings, aktiwiteite asook verblyf vir die vier dae in.

Dit sal waardeer word indien u by hierdie wonderlike geleentheid betrokke kan raak. Dit is vir oud en jonk ’n belewenis wat nie gou vergeet sal word nie. Besighede en individue kan aansoek doen vir artikel 18A-belastingvrystelling.

Donasies kan inbetaal word in die volgende bankrekening:

**Rekeningnaam:** Kinderhuise van die NHKA
**Bank:** ABSA Besigheidsrekening
**Rekeningnommer:** 020390093
**Beskrywing:** Kamp

Indien direkte inbetalings gemaak word, moet die bewys van inbetaling per e-pos gestuur word na suzanne@rata.org.za.

Vir enige verdere navrae kan u my gerus kontak by 066 477 8904. U is ook welkom om ons webwerf te besoek by https://pleegsorg.org.za of ons Facebook-blad by *DPS Huise* om op die hoogte te bly van die nuutste verwikkelinge binne ons huis.

Saam in diens

**Mev Suzanne van Deventer**
***Programbestuurder: DPS-huise***

066 477 8904
suzanne@rata.org.za

100 jaar van Kindersorg
DPS Pleegsorg
Glo, Stabiliseer, Ontwikkel